*Saterdag* **22 Maart**

**Skrifgedeelte: Jakobus 5:13-20**
**Fokusgedeelte: Jakobus 5:13 (AFR83)**
**In ons oproep tot lof aan die Here moet ons bid in alle omstandighede**

Die woorde van Jakobus nooi ons in ’n lewe in van aanhoudende gebed en aanbidding. In vers 13 fokus hy op die reaksie van gelowiges in verskillende omstandighede: *“As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing.”* Ons moet bid in die tye van lyding en uitdagings.

Dit is natuurlik om tot God te roep wanneer ons swaarkry, en dit is ’n kragtige uitdrukking van ons vertroue in Hom en afhanklikheid van Hom. In hierdie oomblikke van lyding of swaarkry, wanneer ons harte seer is en antwoorde word skaars, moet ons weet dat God ons uitnooi om na Hom te kom met ons nood en pyn. Hy is nie net ’n toevlug in tye van nood nie, maar ook ’n getroue Vader wat ons hoor en sien in alle omstandighede en ons graag wil versorg.

Ons moet God loof in tye van vreugde en oorvloed. Wanneer ons seën geniet en ons harte oorloop van dankbaarheid, is dit ’n geleentheid om ons lof en aanbidding tot God te rig. Lofsang is nie net vir Sondae nie, maar ’n daaglikse uiting van ons erkentlikheid teenoor die Here vir sy goedheid en genade in ons lewens. Dit herinner ons dat al ons goeie gawes van Hom kom, en dit herstel weer ons fokus op die ewige Bron van elke seën.

Ons daaglikse lewens in gemeenskap met God moet gekenmerk word deur ’n voortdurende beweging tussen gebed en aanbidding, wat ons harte nader aan Hom bring. Bring lof aan God vir die geleenthede wat Hy ons bied om tot Hom te nader, of ons in lyding is of in lofsang.

*Sing: Psalm 84-1:1, 2, 6*
*Ds. HM (Herman) Stavast (Wierdapark)*